higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N6

10 September 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1: ONTLEDING EN UITLEG VAN BOERDERYRESULTATE

1,1 1.1.1 Waar
1.1.2 Waar
1.1.3 Waar
1.1.4 Waar
1.1.5 Waar

(5 × 1) (5)

1.2
- Opbrengskoerse
- Koste van buitelandse kapitaal
- Kapitaalomsetverhouding
- Skuldediensverhouding (3)

1.3
- Lae bruto produksiewaarde
- Hoë produksiekoste, bemarking en administrasie
- Hoë koste van buitelandse kapitaal (3)

1.4
- Swak bemarking
- Swak boerderymetodes
- Verkeerde kombinasie van produksievertakkings (3)

1.5
- Saad
- Verpakkingsmateriaal
- Brandstof (3)

1.6
- Permanente arbeid
- Meganiseringskoste
- Vergoeding aan verskaffers van buitelandse kapitaal (3)

1.7 1.7.1 Braaihoenders = R50 × 40 000 = R2 000 000✓
Koolkoppe = R5 × 400 000 = R2 000 000✓✓
BPW van die hele plaas = R400 000✓✓

1.7.2 = Mandae/ha✓
= 200/20✓✓
= 10 mandae/ha✓✓

1.7.3 = Werknemerskoste/ha✓
= 200 000/20✓✓
= R10 000/ha✓✓

1.7.4 = BPW/Werknemerskoste × 100✓
= 400 000/200 000 × 100✓✓
= R200/R100 werknemersvergoeding✓✓

Kopiereg voorbehou

1.7.5 = Toerustingkoste/ha✓
= 500 000/20✓✓
= R25 000/ha✓✓

1.7.6 = Hoeveelheid/ha✓
= 400 000/20✓✓
= 20 000 koolkoppe/ha✓✓

(6 × 5) (30)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2: PLAASMEGANISASIE EN -GEBOUE

2.1
- Snelheid van werk
- Tydigheid
- Vermindering van koste
- Belastingoorweging
- Beperk arbeidsbottelnekke tot ’n minimum (Enige toepaslike 5 × 2) (10)

2.2
- Koste van operateurs
- Ondersteuning en bykomende geld wat nodig is vir implemente wat nie selfgedrewe is nie
- Kanse dat die opbrengs sal verbeter
- Tydrisiko
- Beleggingsrisiko (Enige toepaslike 5 × 2) (10)

2.3
- Kan die implement die taak betyds voltooi?
- Meganiese vaardigheid van die boer
- Opbrengs en gehalte van oes
- Ekonomiese voordeel vir die boerdery-onderneming
- Betroubaarheid van implement (Enige toepaslike 5 × 2) (10)

2.4
- Kan die implement die taak doeltreffend voltooi?
- Sal die gebruik van implement tot groter opbrengs lei?
- Pas die implement by toekomstige planne in?
- Beskikbaarheid en koste van kontrakteurs
- Kan die kapitaal wat in implemente belê is nie elders beter gebruik word nie? (Enige toepaslike 5 × 2) (10)

2.5
- Behoorlike beplanning van die begin af
- Beter arbeidsdoeltreffendheid
- Verbetering van bedrywighede
- Laer koste en instandhouding
- Verbetering van algemene voorkoms (Enige toepaslike 5 × 2) (10)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3: REG OP GROND

3.1 3.1.1 = $\frac{\text{Jaarlikse netto boerdery-inkomste – lewenskoste}}{\text{Kapitalisasiekoers}}$ – bykomende kapitaal✓

= $\frac{400\,000 - 150\,000}{0{,}14✓}$ – 500 000✓✓

= R1 285 714✓✓ (6)

3.1.2 = $\frac{\text{Jaarlikse netto boerdery-inkomste – lewenskoste}}{\text{Kapitalisasiekoers}}$ – bykomende kapitaal✓

= $\frac{400\,000 - 200\,000}{0{,}12✓}$ – 300 000✓✓

= R1 366 666✓✓ (6)

3.1.3 Gebaseer op inkomstepotensiaal van die grond (2)

3.2
- Verantwoordelikhede moet duidelik getoon word
- Datums vir betalings van vaste koste moet duidelik gestel word
- Omvattende verslaghouding is verpligtend
- Ooreenkoms moet ekonomiese voordele inhou
- Individuele bydraes moet duidelik getoon word (5 × 2) (10)

3.3 3.3.1 Herstelling van regte op grond wat ná 19 Junie 1913 onteien is as gevolg van vorige wette wat op grond van ras gediskrimineer het

3.3.2 Doelbewuste verandering van die manier waarop landbougrond gehou of besit word, metodes van verbouing wat gebruik word, of verhouding van landbou met die res van die ekonomie

3.3.3 Aksie van die regering deur grond in privaat besit te neem om vir doelwitte gebruik te word om die algehele publiek te bevoordeel.
(3 × 2) (6)

3.4 3.4.1 $\frac{\text{Jaarlikse NBI – lewenskoste}}{\text{Toepaslike amortisasiefaktor}}$ (2)

3.4.2 $\frac{\text{Grondprys + bykomende kapitaal – maksimum verbandlening}}{\text{Totale kapitale belegging – maksimum verbandlening}}$ (2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

3.5
- Grondeienaarskap kan krediet vir die boer beteken
- Grondeienaarskap kan kontantposisie in moeilike jare onder druk plaas
- Grondeienaarskap het groot prestigewaarde
- Dit is maklik om verbeteringe op eie grond aan te bring
- Dit is moontlik dat grondwaarde kan afneem
- Grondeienaarskap kan kleiner aanpasbaarheid in boerdery skep
- Grondeienaarskap verg baie geld
- Onsekerhede kan ontstaan weens huur van grond (Enige 7 × 2) (14)

[50]

VRAAG 4: ONTWIKKELING VAN BOERDERYSTRATEGIE

4.1 Produksie-onsekerhede
- Die gehalte en opbrengs sal dikwels van seisoen tot seisoen wissel sonder dat die boer sy insette of produksieproses op enige manier verander.
- Veranderinge in weerstoestande, wat nie beheerbaar of voorspelbaar is nie, kan die groot redes hiervoor wees.
- Ander faktore wat ’n rol in die verskil in produksie kan speel is plae en peste, soos insekte , siektes en onkruid. (Enige toepaslike TWEE)

Mark- en prysonsekerhede
- Onsekerheid oor toekomstige markte vir landbouprodukte en dus ook oor die prys van landbouprodukte is ’n belangrike bron van onsekerheid by landbouproduksie.
- Veranderinge in vraag en aanbod was dikwels verantwoordelik vir groot wisseling in pryse wat, op hulle beurt, bygedra het tot wisseling van boere se wins.

Insetonsekerhede
- Die beskikbaarheid, gehalte en pryse van insette kan grootliks verskil as gevolg van klimaatstoestande en ander faktore.
- Gunstige klimaatstoestande lei tot laer insetkoste en andersom.

(EEN punt vir risiko + TWEE punte vir elke verduideliking) (Enige toepaslike 3 × 5) (15)

4.2
- Diversifisering
- Aanpasbaarheid
- Likwiditeitsbestuur
- Bewaring
- Aangepaste boerderystelsels
- Gesonde boerderystelsels
- Kontrakte
- Voorspelling
- Versekering (Enige toepaslike 9 × 2) (18)

Kopiereg voorbehou

4.3
- Keuse van gewas
- Boerderymetodes
- Tegniese kennis
- Omvang van produksie
- Insetkoste
- Verkoopprys (Enige toepaslike 6 × 1) (6)

4.4
- Saadkultivars
- Tipe en hoeveelheid bemesting
- Plantdigtheid
- Plaag- en onkruidbeheer
- Aanplant- en oesdatums
- Kweekgebruike (6)

4.5
- Strategiese beplanning
- Missie en visie word in spesifieke meetbare teikens omskep
- Gee rigting
- Duideliker fokus op wat belangrik is
- Duidelikheid in besluitneming
- Gee jou beheer oor jou toekoms
- Verskaf motivering
- Gee jou ’n sin van persoonlike bevrediging (Enige 5 × 1) (5)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou